GENERIESE BESTUURSKALENDER – SOMERREËN GEBIED
AUGUSTUS & SEPTEMBER

1 Dragtige ooie (wat in Maart en April gepaar is) (Hierdie aksies moet 4 weke voor die ooie lam afgehandel wees)

1.1 Mikskeer of skeer die ooie. Jong lammers is dom en sal aan enige iets wat langwerpig en rond is suig, al is dit ook lox. Maak seker dat die uier ook skoon geskeer is.

1.2 Ent ooie teen pasteurella en bloednier. Enting teen blou-uier, rooiderm en bloedderm is opsioneel, afhangend of u 'n probleem daarmee het.

1.3 Doseer of spuit ooie teen lewerslak en peervormige slak (indien daar simptome is – lewerslak = kwak kele en peervormige slak = swart diarree). Hierdie twee parasiete is veral 'n probleem in kampe met grondwaters (grond damme).

1.4 Spuit of doseer met Vitamien A en minerale, veral as hulle lanklaas groen weiding gehad het.

1.5 Monitor die ooie se kondisie weekliks vir die laaste 8 weke van dragtigheid. Ooi wat maer is as hulle lam maak hul lammers swak groot. Gee vroegtydig kos/lekke indien nodig. Maak seker dat hierdie ooie nie kondisie verloor nie. Kondisie-punt die ooie weekliks en gee kos of lek sodra die kondisie begin verswak. Let veral op na die kondisie van meerling- en tweetand-ooie. Hierdie ooie lyk gewoonlik goed omdat hulle buike baie uitsit, maar kan maklik kondisie verloor sonder dat dit sigbaar is. Ooie wat in 'n swak kondisie lam se melkproduksie is swak, die lammers groei swak en die daaropvolgende besetting is swakker.

1.6 Maak seker dat die ooie in kampe gaan lam waar daar genoegsame voer beskikbaar is.

Belangrik: Lees alle dieregesondheidprodukte se pamflette om seker te maak dat dit veilig is vir dragtige ooie en hoe om dit veilig te gebruik.

2 Ooie wat gepaar gaan word in Oktober en November

2.1 Skuif die ooie na vars kampe 14 dae voor die ramme bykom om hulle op 'n natuurlike wyse te prikkel/koggel. Die afskeer van ooie is ‘n ander natuurlike manier om hulle te prikkel/koggel.

2.2 Mikskeer die ooie (indien nodig) voor hulle gepaar gaan word. Dit help die ramme om hul gemakliker te dek.

2.3 Spuit of doseer met Vitamien A en minerale sowat ‘n maand voor paring, veral as hulle lanklaas groen weiding gehad het.

2.4 Ent ooie teen ensoötiese aborsie (as die siekte in u kudde voorkom), sowat 6 weke voor paring.

2.5 Maak seker dat die ooie skoon is van BOSLUISE.

2.6 Doseer of spuit ooie teen lewerslak en peervormige slak (indien daar simptome is – lewerslak = kwak kele en peervormige slak = swart diarree). Hierdie twee parasiete is veral ‘n probleem in kampe met grondwaters (grond damme).

3 Ramme (Alle aksies moet **minstens 8 weke voor paring** afgehandel wees om tydelike steriliteit te vermy)

3.1 Maak seker dat u genoeg ramme het. Koop aan indien nodig.

3.2 Skeer die ramme en doen alle nodige inentings, doserings en aanvullings van minerale vir die lenteparing.

3.3 Sorg dat die ramme in 'n goeie kondisie is voor paring. Prikkelvoeding soos hawerpitte of 'n goeie lek gee goeie resultate. Wees versigtig vir skoon mielies of sjokolade mielies, aangesien dit tot die aansameling van vet om die testis kan lei, wat die ramme se vrugbaarheid aantas. ‘n Lek hoog in proteien word aanbeveel. Sorg vir genoeg vreetspasie sodat die ramme almal gelyktydig kan vreet. Ramme moet pers tussen die voor- en agterbene wees wanneer hulle na die ooie gaan.

3.4 Laat toets vir vrugbaarheid en geslagsiektes

3.5 Doseer ramme 20 ml koringkiem/week vir die laaste 4 weke voor hulle na die ooie gaan

3.6 Spuit of doseer met Vitamien A en minerale, veral as hulle lanklaas groen weiding gehad het.

3.7 Maak die ramme fiks

3.8 Doseer of spuit met 'n bree spektrum middel teen rondewurms (veral haarwurm) en neuswurm. Die ramme se neuse moet skoon wees om die ooie wat op hitte is ordentlik te kan ruik.

3.9 Maak seker dat die ramme skoon is van BOSLUISE.

3.10 Doseer of spuit ramme teen lewerslak en peervormige slak (indien daar simptome is – lewerslak = kwak kele en peervormige slak = swart diarree). Hierdie twee parasiete is veral ‘n probleem in kampe met grondwaters (grond damme).

4 Koggelramme (noodsaaklik hierdie tyd van die jaar)

4.1 Koggel die ooie vir 9 dae voor paring. Haal koggels uit teen laat middag van dag 9 en vervang met ramme.

5 Predatore

5.1 Begin om kampe waarin daar gelam gaan word te monitor vir ongewenste predatore. Tref vroegtydig voorsorg en pak gate onder deur drade toe. Moenie dit uitstel tot die ooie begin lam nie, want dan het die ooie u volle aandag nodig.

BELANGRIK: KONTAK U PLAASLIKE VEEARTS AS U OOR ENIGE VAN DIE DIERE-GESONDHEID AANBEVELINGS TWYFEL! MOENIE DRAGTIGE OOIE MET LEWENDIGE ENTSTOWWE SOOS BLOUTONG EN SLENKDAL ENT NIE. DIT KAN ABORSIES VEROORSAAK. LEES ALLE ENTSTOWWE, DOSEERMIDDELS EN VOERE SE PAMFLETTE OM U TE VERGEWIS VAN DIE VEILIGE GEBRUIK DAARVAN.

http://www.nwga.co.za/downloads/generiese-bestuurskalender.html
http://www.nwga.co.za/downloads/skaapbestuursproram_en_kalender.xls